



NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT (NSS)

GRAAD 11
FINALE EKSAMEN

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
EERSTE VRAESTEL
(NMY-79)

TYD: 09H00 – 11H00

TOTAAL: 80 PUNTE

TYDSDUUR: 2 UUR

DATUM: 10 OKTOBER 2012

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende voorskrifte noukeurig deur en voer dit asseblief uit.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees die instruksies by AL die vrae.
3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy en trek 'n streep na elke afdeling.
4. Skryf in die antwoordboek wat in die eksamen voorsien word.
5. Lees die instruksies vir elke vraag noukeurig en doen slegs wat verlang word.
6. Nommer die antwoorde presies soos die vrae genommer is.
7. Skryf asseblief netjies en leesbaar – ons kan nie onleesbare handskrif merk nie.
8. Die vraestel en notas van enige student wat oneerlik te werk gaan, sal van hom of haar verwyder word. Die Kollege sal dissiplinêre maatreëls toepas om die integriteit van hierdie eksamens te beskerm.
9. Indien daar iets verkeerd is met, of uitgelaat was, in die vraestel of antwoordboek, lig asseblief dadelik die toesighouer in. As die toesighouer nie oor 'n probleem ingelig word nie, sal die Kollege dit nie later kan regstel nie en sal die punte nie aangepas kan word as gevolg van die probleem nie.
10. Hierdie vraestel mag van die eksamenlokaal verwyder word *na* afloop van die eksamen.

Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings: Afdeling A, Afdeling B en Afdeling C. Beantwoord **AL** die vrae.

Vraag	Afdeling	Punte
1	A: Kyk- en Leesbegrip	30
2	Beantwoord ALBEI vrae	
3	B: Opsomming Beantwoord die vraag	10
4	C: Taal	40
5	Beantwoord ALBEI vrae	
TOTAAL:		80

AFDELING A – KYK- EN LEESBEGRIP

(30 PUNTE)

BEANTWOORD ALBEI VRAE

VRAAG 1 – KOERANTBERIG

Lees die onderstaande koerant-artikel en beantwoord die vrae:

PRINCE PERDFRIS NA URE IN SWEMBAD

Jackie Kruger

1. George - 'n Mens kan 'n perd na die water bring, maar hoe gemaak as die merrie per ongeluk in die swembad duik? Dan is daar perde!
2. Dan skarrel jy maar na die telefoon, bel die Dierebeskermingsvereniging (DBV) én die brandweer én jy vra maar die buurman se laaigraaf om die perd uit die water te haal.
3. Die bruin merrie, Prince, het Vrydag vir drama gesorg toe sy op 'n plaas naby Hoekwil in die rigting van Karatara per ongeluk in die swembad beland het. Die voorman en plaaswerkers het probeer om die perd uit die swembad te lok, maar dit was tevergeefs. Die DBV is omstreeks 10:30 gekontak om te kom help.
4. "Ek het die eienaar aangesê om solank die swembad se water te laat uitloop," het speurder inspekteur Salome Botha van die Tuinroete DBV gesê. Sy het die brandweer gevra om met die reddingspoging te help.
5. Die perd was glo al vyf uur lank in die swembad vasgekeer. Na verneem word was Prince se kop nooit onder die water nie. Sy was borshoogte in die water en het na die swembad se vlak kant beweeg. "Die perd het gebewe van die koue," het Botha gesê. "Almal het in die swembad gesprong en begin om die water met emmers uit te gooi."
6. Die DBV se veearts, dr. Elke Schwellnus, het die perd op 'n drup gesit en met komberse toegegooi. "Ons het probeer om 'n 'oprit' teen die swembad se trappe aanmekaar te slaan sodat Prince kan uitloop, maar sy was te swak en kon skaars staan," het Botha gesê. Hulle moes toe 'n ander plan maak.
7. 'n Buurman het intussen een van sy werkers gestuur om sy laaigraaf te gaan haal. Volgens Botha was dit die enigste uitweg om die perd met die laaigraaf uit die swembad te lig. " 'n Wit sponsmatras is om haar maag vasgebind. Stewige bande is toe om die matras gedraai en aan die laaigraaf gehaak."
8. Ná 'n drie uur lange reddingspoging is die perd na veiligheid gehys. Die redding is bemoeilik omdat Prince weens koue en skok gesukkel het om te staan. Die perd het geen beserings opgedoen nie omdat die swembad met die invalslag vol water was.



(Die Burger, 30 Mei 2012)

- 1.1 Gee die naam van die verslaggewer wat die koerantberig geskryf het. (1)
- 1.2 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer en die letter (A. tot D.) neer.
- Die uitdrukking "*Dan is daar perde!*" (par.1) beteken . . .
- A. daar is baie perde.
 B. daar is probleme.
 C. daar gaan 'n resies wees.
 D. die perd verdrink. (1)
- 1.3 *Prince het self in die swembad ingeloop.*
- 1.3.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.3.2 Bewys jou antwoord in vraag 1.3.1 deur **TWEE WOORDE** uit die artikel aan te haal. (1)
- 1.4 Het die plaasmense onmiddellik die DBV gekontak toe hulle Prince in die swembad sien? (Ja / Nee) (1)
- 1.5 Hoe diep was Prince in die swembad EN wat het die redders gedoen om die water in die swembad vinnig te verminder? (2)
- 1.6 Noem twee aksies wat die veearts uitgevoer het om die perd te stabiliseer. (2)
- 1.7 Prince was te swak om by 'n oprit uit die swembad te loop.
- 1.7.1 Is hierdie stelling 'n MENING of 'n FEIT? (1)
- 1.7.2 Motiveer jou antwoord op vraag 1.7.1. (1)
- 1.8 "*Volgens Botha was die enigste uitweg om die perd met die laaigraaf uit die swembad te lig.*"
- 1.8.1 Kies die korrekte antwoord van dié tussen hakies.
 (Die buurman; Een van die buurman se werkers; Prince se eienaar) het die laaigraaf gaan haal. (1)
- 1.8.2 Wat het die redders gedoen om nie die perd se maag met die bande te beseer nie? (1)
- 1.9 Hoe lank het hierdie **reddingspoging** in totaal geduur? (1)
- 1.10 Haal **DRIE** opeenvolgende woorde uit die laaste twee paragrawe aan wat vir ons sê dat Prince veilig uit die water gelig is. (1)
- 1.11 Skryf **TWEE APARTE** woorde neer wat die redes was waarom Prince gesukkel het om te staan. (2)

- 1.12 Wat het veroorsaak dat Prince nie met die invalslag seergekry het nie? (Antwoord in 'n volsin.) (1)
- 1.13 1.13.1 Dink jy die opskrif van die berig is gepas? (Ja / Nee) (1)
- 1.13.2 Gee 'n rede vir jou antwoord op vraag 1.13.1. (1) [20]

VRAAG 2 – ADVERTENSIE

Lees en kyk na die onderstaande advertensie en beantwoord dan die vrae wat volg:



CAPE PHILHARMONIC ORCHESTRA
KAAPESE FILHARMONIESE ORKES
FONHASTRA VORTCHHO VASENDONI

Viva la Symphony

by UWK

Musiekuitvoering 1

Donderdag 7 Junie, UWK Groot Saal, 20:00

Dirigent: VICTOR YAMPOLSKY
Solis: ZANTA HOFMEYR (viool)
BERLIOZ: Romêinse Karnaval
BRUCH: Vioolkonsert No. 1 in G mineur
DVOŘÁK: Simfonie No. 9 (Uit die Nuwe Wêreld)

Musiekuitvoering 2

Donderdag 21 Junie, UWK Groot Saal, 20:00

Dirigent: BRANDON PHILLIPS
Solis: AVIGAIL BUSHAKEVITZ (viool)
LISZT: Les Préludes, S97 (Simfoniese Gedig No. 3)
MENDELSSOHN: Vioolkonsert in E mineur
TSJAIKOFSKI: Simfonie No. 4 in F mineur

R100/R120 p/p • Bespreek nou

www.computicket.com • Artscape dial-a-seat: 021 421 7695
Kaaapse Filharmoniese Orkes: www.cpo.org.za of
083 915 8000/021 421 7695

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Die Burger, 2 Junie 2012

- 2.1 Waar **presies** gaan die twee musiekuitvoerings plaasvind? (1)
- 2.2 Watter orkes gaan by die uitvoerings optree? (1)
- 2.3 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer en die letter (A. tot D.) neer.
- 'n **Dirigent** is iemand . . .
- A. wat viool speel.
 B. wat 'n orkes lei.
 C. wat mooi sing.
 D. wat by 'n universiteit werk. (1)
- 2.4 Zanta Hofmeyer is 'n violis.
- 2.4.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 2.4.2 Motiveer jou antwoord op vraag 2.4.1 (1)
- 2.5 Wie is die solis by die uitvoering op 21 Junie? (1)
- 2.6 Hoeveel kos die kaartjies vir hierdie konserte? (1)
- 2.7 Voltooi: Die twee musiekkonserte word twee _____ (tydsduur) uitmekaar uitgevoer. (1)
- 2.8 Noem **TWEE** plekke waar 'n mens kaartjies kan bespreek en koop. (2) [10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B – OPSOMMING

(10 PUNTE)

BEANTWOORD DIE VRAAG

VRAAG 3

- Som die volgende **menings oor Justin Bieber** op.
- Begin so: **Bianca / Nerine meen . . .** (nie deel van aantal woorde nie)
- Skryf die belangrikste inligting in **SEWE** volsinne.
- Skryf die sinne puntsgewys onder mekaar neer.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as **70 woorde** wees nie (moenie die persoon se naam en "meen" tel nie).
- Dui die getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

NIE ALMAL HET BIEBERKOORS NIE

Ons het uitgevind nie almal is groot aanhangers van Justin Bieber nie. Hier is die mening van 'n paar tieners en hoekom hulle sê dat Bieberkoors hulle nog nie beetgepak het nie.

Riana Koen: Hy is "way" te vol van homself en als moet oor die ou gaan. Die meeste van ons ken goeie musiek en het goeie smaak, maar dié wat van hom hou, wel, dis hulle keuse. Smaak verskil vir 'n rede.



Duanique Nicquita: Hy is HEELTEMAL te vol van homself en volgens my het hy nie genoeg gewerk om sy status te verdien nie. Hy kan buitendien ook nie sing nie; hy klink soos 'n kraai wat in 'n hiëna se keel vassit.

Nerine Jooste: Hy praat altyd vreeslik mooi oor hoop en sy waardes en sulke goed – maar sy liedjies en houding is oppervlakkig en versinnebeeld nie regtig die goed wat hy sê nie.

Bianca Booysen: Sy hare is "gross" . . . Sy stem "suck" . . . Sy musiek "suck" . . . Ons tieners hou net nie van hom nie. Dalk doen die 13-jariges en jonger, maar glad nie die tieners nie.

Renthia Bouver: Ek luister nie na Bieber nie, want ek is nie ses nie! Ek ondersteun veel eerder Suid-Afrikaanse musikante voordat ek na hom luister.

Monique Raath: Hy is net soos enige ander popster, niks van sy lirieke is anders nie. Hy sing oor meisies en die liefde. Bietjie "overrated"!

Deirdre Bezuidenhoud: Ek dink, veral oorsee, is daar 'n negatiewe houding oor hom. Sy stem het nog nie eers gebreek nie! Ek het beslis beter goed om met my tyd te doen as na hom te luister.

Verwerk uit: *JIP*, 16 Julie 2012

[10]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C – TAAL**(40 PUNTE)****BEANTWOORD ALBEI VRAE****VRAAG 4 – LESERSBRIEF**

Beantwoord die taalvrae wat op die onderstaande lesersbrief gebaseer is. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.

PORTOFINO PRAGTIG MAAR DUUR

Lorraine Braid skryf dat sy al vyf keer drie weke lank op 'n slag in Italië op haar eie gereis het. Die enigste plek waar sy nie veilig gevoel het nie, was in Napels. Selfs in Palermo het sy veilig gevoel.

In die pragtige Portofino, waarheen sy 'n dagreis onderneem het, raak 'n mens benoud deur net 'n bietjie venster-inkopies te doen. Alles in die vensters was byvoorbeeld van Gucci en Hermés, met pryse wat geen gewone siel kan bekostig nie. Maar ja, dis heerlik om so langs die water iets te eet of te drink. Daar is 'n interessante tuin waar die steil berg met 'n kronkeltrap opgeloopt word om beeldhouwerke te besigtig. Terselfdertyd het jy 'n wonderlike uitsig oor die luukse seiljagte en die baai van Portofino.

Genoa is ook 'n lieflike stad waar die passassierskepe vasmeer en wat baie mense slegs as 'n afstapplek beskou. Daar is egter baie om te sien. Vanaf Genoa, sowat 15 minute in die trein, is daar 'n prentjie-mooi dorpie, Camogli.

Daar is soveel om te sien en te ervaar in die land van die Romeine. Die openbare vervoer is goedkoop, gerieflik en ook 'n belewenis.

(Verwerk uit: *Die Burger*, 21 Julie 2012)

4.1 Gee 'n antoniem vir die vetgedrukte woord:

Lorraine dink dit is **veilig** in Palermo. (nie **onveilig** nie!)

(1)

- 4.2 Skryf die sin oor en begin soos aangedui:
 Moenie net in Portofino kuier nie.
 Begin so: Jy moet . . . (1)
- 4.3 Gee 'n sinoniem vir die vetgedrukte woord:
 Die pryse in Portofino maak jou **benoud**. (1)
- 4.4 Gee die afkorting vir die onderstreepte woord:
 Lorraine het in April in Italië gereis. (1)
- 4.5 Skryf die sin in die ontkennde vorm:
 Daar is altyd 'n mooi uitsig vanaf die hawe. (2)
- 4.6 Verander die stelsin in 'n vraag sodat die onderstreepte gedeelte die antwoord op die vraag is:
 Die openbare vervoer in Italië is gerieflik. (1)
- 4.7 Gee die verkleiningsvorm van die vetgedrukte woord:
 Lorraine het op haar eie deur die **land** gereis. (1)
- 4.8 Kies die korrekte betreklike voornaamwoord van die woorde tussen hakies:
 Lorraine, (wat / wie / waarmee) graag reis, het goeie herinneringe. (1)
- 4.9 Kies die woord wat korrek gespel is van die woorde tussen hakies:
 Sommige uitsigte vanaf die trein is (asemrowend / asemroowend / asemrowwend). (1)
- 4.10 Gee die teenoorgestelde geslag van die woord tussen hakies:
 Lorraine se (vriend) gaan haar op haar volgende reis vergesel. (1)
- 4.11 Skryf die sin oor en rangskik die gedeelte tussen hakies in die korrekte volgorde:
 Lorraine het (baie mooi plekke / in hierdie tyd / in Italië) besoek. (1)
- 4.12 Skryf die onderstreepte getal in WOORDE:
 Die busrit na Camogli is 15 minute lank. (1)

4.13 Voltooi die sin met die korrekte voorsetsel:

Lorraine het _____ trein na Camogli gereis. (1)

4.14 Skryf die volgende sin in die lydende vorm:

Sy het lekker pizza in Portofino langs die water geëet. (2)

4.15. Skryf die volgende sin in die direkte rede oor:

Lorraine sê dat sy weer die dorpie Camogli sal besoek. (2)

4.16 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies:

Baie (jonk) lesers reis ook soms oorsee. (1)

4.17 Gee die intensiewe vorm van die woorde tussen hakies:

Portofino is mooi maar (baie duur). (1) [20]

VRAAG 5 – KOERANTBERIG

Beantwoord die taalvrae wat op die onderstaande strokiesprent gebaseer is. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.



5.1 Gee die meervoud van die vetgedrukte woord:

Jeremy se **kombi** was stukkend. (1)

5.2 Kies die korrekte woord tussen hakies:

Jeremy (help / hulp) sy ma nie eintlik met die skottelgoed nie. (1)

5.3 Skryf die sin in die verlede tyd:

Ma het 'n werk weg van die huis nodig. (2)

- 5.4 Verbind die twee sinne met die woord tussen hakies:
 Jeremy se kombi was stukkend. Hy kon nie skool toe gaan nie.
 (daarom) (1)
- 5.5 Skryf die sin oor in die toekomstige tyd:
 Jeremy se ma is bekommerd oor sy skoolbywoning. (2)
- 5.6 Skryf die onderstreepte woord voluit:
Dis toe jou kombi nie lekker wou loop nie. (1)
- 5.7 Vorm 'n deelwoord van die woord tussen hakies:
 Die (dink) Jeremy is bekommerd. (1)
- 5.8 Gebruik die vetgedrukte woord in 'n sin sodat dit 'n ander betekenis het as in die sin hieronder:
 Ma het werk **weg** van die huis nodig. (1)
- 5.9 Skryf die sin in die infinitief oor:
 Jeremy moet meer aandag aan sy skoolwerk gee.
 Begin so: Jeremy behoort . . . (1)
- 5.10 Gee een woord vir die woorde tussen hakies:
 Jeremy is die (persoon wat 'n motor bestuur) van die kombi. (1)
- 5.11 Vorm 'n samestelling van die woorde tussen hakies.
 Ma doen baie (huis + werk) elke dag. (1)
- 5.12 Gee die oortreffende trap van die woord tussen hakies:
 Jeremy en sy maats neem van die (lekker) uitstappies in sy kombi. (1)
- 5.13 Skryf die sin oor met die korrekte leestekens en hoofletters:
 jeremy wie se ma soms moedeloos raak is baie behulpsaam (2)
- 5.14 Kies die woord wat die volgende spreekwoord korrek voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A. tot D.) neer:
 Jeremy se ma sit soms met haar _____ in haar hare oor sy planne.
 A. voete
 B. mond
 C. hart
 D. hande (1)

5.15 5.15.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer:

Jeremy **se ma krap kop om te onthou** is 'n voorbeeld van (denotasie / konnotasie). (1)

5.15.2 Motiveer jou antwoord op vraag 5.15.1. (1)

5.16 Voltooi die onderstaande sin met die korrekte uitroep om te wys hoe moedeloos Ma soms met Jeremy is. Gee net **EEN** of **TWEE** woorde.

Ma: "_____! Ek raak soms moedeloos met jou." (1) [20]

TOTAAL AFDELING C: 40

GROOTTOTAAL: 80 PUNTE
